# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 6 MAART 2022

Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Potgieter (4)

Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

Familiediens om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Breytenbach (8)

Relevantdiens om 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds.Visser

## TAFELGESPREKKE VIR BESIGE FAMILIES

**Romeine 12:9-21**

***Ons Behoort aan God – Hoe maak my lewe vandag 'n verskil?***

Kom een aand rustig as gesin bymekaar en doen die volgende:

- Steek 'n **kers** aan en sê dankie dat die Here by julle is en vir julle sorg.
- Elkeen **deel** hoogte- en laagtepunte van die dag.
- **Lees** die Bybelgedeelte.
- **Kies** 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.
- **Waar** het jy verslap?
- **Wat** omtrent jouself moet jy opskerp?
- **Waarmee** moet jy die Heilige Gees toelaat om oor te neem?
- **Hoe** kan jy 'n verskil maak in almal se lewens by die huis, skool of werk?
- Ons **bid** saam vir die Gees van God om ons daarmee te help. **Amen.**

## WEEK VAN GEBED

Die week van gebed skop af met 'n simfonie van gebed met sang en gebede saam met Raymondo en Johannes van Staden-Slabbert.

- Sondag 13 Maart om 18:00 in kerk.
- Geen besprekings vooraf is nodig nie.
- Toegang is gratis. Sien die volledige program op bladsy 2.

**Die Relevantdiens word om 18:00 in die kleinsaal aangebied.**

TWEEDE LYDENSWEEK

KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

DEUROFFERS

'n Persentasie van die kollekte word weekliks, soos met eertydse deuroffers, aan verdienstelike aksies geskenk.

**MES Bellville** Is 'n nie-regeringsorganisasie wat dienste aan hawelose mense in die Bellville-omgewing lewer met die oog daarop om dié weerlose mense te ondersteun en rehabiliteer.

## 'N WEEK VAN GEBED 13 TOT 16 MAART

Tema | Van aangesig tot aangesig

- **Sondag 13 Maart om 18:00 in kerk:** 'n Simfonie van gebed met sang en gebede saam met Raymondo en Johannes van Staden-Slabbert. Die Relevantdiens word om 18:00 in die kleinsaal aangebied.

Ds. Andries Cilliers bied vanaf 14 tot 16 Maart om 19:00 in die kerk en aanlyn die volgende drie-dag-kursus aan:

- **Maandag 14 Maart** | Van aangesig tot aangesig met God (Numeri 6:22-27).
- **Dinsdag 15 Maart** | Van aangesig tot aangesig met iemand na wie ek verlang (1 Tessalonisense 2:17-20; 3:6-13).
- **Woensdag 16 Maart** | Van aangesig tot aangesig met iemand wat ek vrees (Genesis 32:1-8, 22-32 en 33:1-11).

Kontantoffers kan volgens eie oordeel by die kursus gegee word.

Kyk die aanlyn kursus op www.stellenberg.co.za of die gemeente se YouTube-kanaal.

## NUWE JEUGLERAAR

Die vakature word geadverteer en 'n beroep sal in Meimaand uitgebring word. Lidmate wat kandidate wil nomineer, kan nominasies aan odette@stellenberg.co.za stuur.

## BELYDENISKAMP 8 TOT 10 APRIL

Graad 12's wat belydenis van geloof wil aflê, word na die kamp uitgenooi. Aansoekvorms is op www.stellenberg.co.za/relevantbediening.

## DOOP VANDAG

- Jaco en Elizma Beukes, laat doop vir Rebekah Beukes.
- Gerhard en Fia Karstens, laat doop vir Nina Isabelle Karstens.
- Christof en Marilie Kotzé, laat doop vir Johannes Brand Kotzé.
- Nicky en Maryke Olivier, laat doop vir Ockert Gerbrand Olivier.
- Hernu en Antoinette Redelinghuys, laat doop vir Isela Redelinghuys.
- Calldo en Ada Victor, laat doop vir Thomas Victor.

### ANNIBRAND JUNIOR

Elke Sondagoggend na die oggenddienste tot 10:45.

Graad 1-3: kleinsaal

Graad 4-6: grootsaal

Graad 7: jeuglokaal

### ANNIBRAND SENIOR

Elke Sondag om 18:00 in die kerk.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

## 'N FOKUSPROGRAM VIR LYDENSTYD

**Om die tafel | Spyskaart . . .**

- **KYK | Woensdag 23 en 30 Maart**

Kyk na die kort inleidende video's oor die fokusprogram wat op al die gemeente se aanlyn platforms beskikbaar sal wees. (www.stellenberg.co.za, Facebook, Instagram en YouTube-kanaal)

- **AAN TAFEL SAAM MET JESUS | 6 tot 12 April**

Lees of luister die daaglikse dagstukke wat op Jesus se lydensweg sal fokus – www.stellenberg.co.za, YouTube-kanaal en Facebookblad.

- **OM DIE TAFEL SAAM MET DEON MEIRING**

**Maandag 11 April 19:00 in die kleinsaal**

Deon Meiring, musikant, digter en storieverteller, sluit by ons aan vir tafelgesprekke, sang en vertellings. Verversings word bedien. Toegang: R100 per persoon. Besprekings by Anneke 021 976 4519 of anneke@stellenberg.co.za.

- **OM DIE LANGTAFEL**

**Woensdag 13 April 19:00 in die markplein**

Kom sluit gerus aan by die langtafelete. Toegang is gratis en ons nooi lidmate om hulle eie piekniekmandjies saam te bring en saam met medegelowiges aan tafel te sit en eet.

- **OM DIE AVONDTAFEL | 14 April 19:00 in die kerk**

Ons herdenk die Avondmaal met die bediening van die nagmaal.

## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Geen Bybelstudie op Donderdag 10 Maart om 14:30 nie.

### HUISDIENS

Verskuif na Sondag 20 Maart om 18:00 in die eetsaal.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue elke Maandag-oggend om 10:00, het na die ou kafeteria-area verskuif. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

### BREIGROEP

Die groep ontmoet weer op Maandag 7 Maart om 09:30 in die markplein.

Bring jou breiwerk saam.

## BYBELSKOOL | EERSTE KWARTAAL

Die Bybelboek Romeine word as die hoogtepunt van Paulus se bediening beskou. Kom verken saam met ons hoe die boodskap in Romeine – van God se genade – opnuut vir jou lewe in 2022 oopgebreek kan word. Die kursus kan weekliks vanaf Dinsdae aanlyn gevolg word op www.stellenberg.co.za.

## VATVYF-UITSTAPIE

Op Dinsdag 8 Maart vanaf 09:00 tot 13:00 besoek ons die Kirstenbosch Botaniese Tuin. Toegang is gratis – onthou jou ID. Ons gaan piekniek hou in die tuin en 'n entjie stap. Bring dus jou eie eet- en drinkgoed asook 'n kussing, stoel, of kombers. Daar is ongelukkig net plek vir 25 persone in die bussies, maar jy is welkom om met jou eie vervoer te ry. Vir busvervoer bespreek voor 7 Maart by Anneke, 021 976 4519.

## BULLETIN EN DAGSTUKKE OP JOU SELFOON

**Bulletin:** Lees die bulletin op jou selfoon en kyk na die aanlyn oggenddiens op jou foon deur 'n WhatsApp of Telegramboodskap met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit by die groep aan.

**Daaglikse stemboodskap:** Luister na die daaglikse stemboodskappe op jou selfoon deur deur 'n WhatsApp of Telegramboodskap met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit by die groep aan.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### AFVALWOL

Die vlytige breiers in die breigroep is altyd op soek na afvalwol. Skenk gerus enige bruikbare afvalwol. Dit word verwerk in truie, serpe en musse wat tydens die winteruitreike aan minderbevoorregte kinders uitgedeel word.

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.